KOUGA BESIGHEIDSFORUM - GRONDWET

1. Naam, Kantooradres en Bedieningsgebied

   1.1 Die naam van die Forum is die Kouga Besigheidsforum
   1.2 Die kantooradres van die Forum sal op Jeffreysbaai gesetel wees.
   1.3 Die bedieningsarea van die Forum is die Kouga Munisipale gebied en sluit in areas bekend as Jeffreysbaai, Astonbaai en Paradysstrand, Humansdorp, Thornhill, Hankey, Patensie, Loerie, St. Francisbaai en Kaap St. Francis.

2. DOELSTELLINGS
   2.1 Primêre doelstellings:
   Die daarstelling van 'n doeltreffende en aktiewe sakeforum vir die skepping van 'n progressiewe en volhoubare besigheidsklimaat en die bevordering van gesonde sake praktyke en beginsels in die Forum se bedieningsarea.
   2.2 Op te tree as verteenwoordigende spreekbuis vir besigheid en beleggers waardeur kommunikasie en interaksie tussen alle belange groepe in die Kouga gebied bevorder kan word.
   2.3 Die Kouga gebied te bemark as 'n bestemming vir belegging, ontwikkeling van bestaande en nuwe geleenthede in die toerisme, klein handel, vervaardiging, eiendom en landbou sektore.
   2.4 Te dien as 'n adviesliggaam wat leiding aan sy lede verskaf.
   2.5 Erkenning aan sy lede te verleen vir uitsonderlike prestasie.
   2.6 Samekomste te reël waartydens kundiges lede kan toelig oor belangrike aspekte.
   2.7 Verteenwoordiger van die AHI in die gebied.
   2.8 Fondse byeen te bring deur ledegeld en ander geldige metodes.
   2.9 Om persone voltyds of op 'n ad hoc basis in diens te neem en te vergoed.

3. Bykomende bevoegdhede om van die doelstellings uit te voer.

   3.1 Die Forum het die bevoegdheid om in eie reg regte te verkry en verpligtinge in ooreenstemming met hierdie grondwet.
   3.2 Die Forum het die bevoegdheid om die eiendomsreg van onroerende eiendom en saaklike regte daarin te verkry en/of om sulke omroerende eiendom te huur, te verhuur, met verband te beswaar of te vervreem.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Alle instellings of persone wat direk of indirek by wettige sake of professionele bedrywighede betrokke is, kan vir lidmaatskap oorweeg word.
4.2 So ook enige ander persoon of kategorie persone wat die Algemene Vergadering mag bepaal.

5. AANSOEK OM LIDMAATSKAP
5.1 'n Voornemende lid moet skriftelik deur die voltooiing van die voorgeskrewe vorm by die bestuur aansoek doen. So 'n aansoekvorm moet van die voorgeskrewe lidmaatskap en jaargeld vergesel wees.
5.2 Die Bestuur wie se beslissing finaal is, oorweeg elke aansoek om lidmaatskap en mag 'n aansoek weier sonder om redes daarvoor aan te voer. Ingeval van weiering van 'n aansoek, sal die jaargeld en lidmaatskap geld wat deur so 'n voornemende lid betaal is, aan hom/haar terugbetaal word.
5.3 Alle lede sal aan die bepalings van hierdie grondwet gebonde geag wees en onderneem om by toelating aldus gebonde te wees.
5.3 Die Bestuur word die bevoegdheid gegee om enige persoon wat hulle ag verdienstelik is, as ere lid te verkies. Ere lede sal alle lidmaatskapvoorregte geniet dog sal nie geregtig wees om te stem nie, maar sal ook nie lidmaatskapgelde betaal nie. Die Bestuur het die bevoegtheid om sonder opgaaf van rede so 'n ere lid se lidmaatskap te beëindig.

6. BEëNDIGING VAN LIDMAATSKAP
Lidmaatskap word op een van die volgende wyses beëindig:
6.1 Deur 'n lid se skriftelike bedanking
6.2 Die nie-betaling van lidmaatskapgeld of ander gelde wat vir 'n tydperk langer as drie maande na die vervaldatum onbetaald bly selfs nadat skriftelike kennisgewings uitgestuur is.
6.3 Deur 'n meerderheidsbesluit van die Bestuur wie nie redes vir so 'n besluit hoef te verstrek nie.

7. GELDE
7.1 Lidmaatskapgelde en jaargelde word van tyd tot tyd deur die bestuur vasgestel en tensy dit anders bepaal word, is dit voor 31 Maart iedere jaar vooruitbetaalbaar.
7.2 Uitstaande gelde mag, in diskressie van die Bestuur, vir invordering aan 'n regsfirma oorhandig word en alle koste plus rente sal deur die lid in versuim gedra word.
7.3 Die Forum mag lidmaatskapgeld aan streeks, nasionale en internasionale forums waaraan die plaaslike forum geaffilieer is, betaal en sal so 'n heffing by die jaargelde waarvan in paragraaf 7.1 hierbo melding gemaak is, ingesluit word.

8. BESTUUR (KOMITEE)

8.1 Samestelling:

8.1.1 Die bestuur sal slegs uit stemgeregtigde lede saamgestel word.

8.1.2 Geen lid word op Jaarlikse Algemene Vergadering tot die bestuur verkies nie tensy sy ledegeld ten volle betaal is en hy op die vergadering deur een lid van die Forum wie se ledegeld ten volle betaal is genomineer word.

8.1.3 Die Bestuur sal nie uit minder as 7 (SEWE) en nie uit meer as 12 (TWAALF) lede bestaan nie.

8.1.4 Die lede van die Bestuur sal uit eie geledere ‘n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier kies.

8.1.5 Die Bestuur het die bevoegdheid om lede te koöpteer en dan mag die getal bestuurslede genoem in klousule 8.1.3 oorskry word.

8.1.6 Die Bestuur tree op die Jaarvergadering uit, maar is herkiesbaar.

8.1.7 Die Bestuur sal ‘n dagbestuur saamstel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, tesourier en een addisionele lid.

8.1.8 Die Bestuur kan van tyd tot tyd aan die dagbestuur sodanige van sy bevoegdhede toevertrou as wat die Bestuur mag goeddink en vir solank as wat dit wenslik of nodig mag wees om sodanige sake af te handel.

8.1.9 ‘n Kworum van die Bestuur sal bestaan uit vyf lede.

8.1.10 Lidmaatskap van die Bestuur sal beëindig word deur:

a) Ontbinding;
b) ‘n Lid se skriftelike bedanking.
c) Afsterwe
d) Afwesigheid van twee agtereenvolgende vergaderings sonder ‘n aanvaarbare verskoning;
e) Beëindiging van Lidmaatskap van die Forum.

8.1.11 Enige tussentydse vakture wat op die Bestuur mag ontstaan, mag vir die onverstreke tydperk deur die Bestuur aangevul word by wyse van koöptering.

9. BEVOEGDHEDE VAN DIE BESTUUR

Die Bestuur sal die volgende pligte en bevoegdhede hê:

1. Om uitvoering te gee aan alle doelstellings, besluite en beleidsrigtinge van die Forum.
2. Die aangeleendhede wat deur die Algemene Jaarvergadering of enige ander algemene vergadering oorweeg moet word, te bepaal.
3. Om die finansiële state van die Forum vir die Algemene Jaarvergadering voor te berei en saam te stel.
4. ‘n Bankrekening of rekenings by ‘n geregistreerde bank te open en te bedryf.
5. Om beheer uit te oefen oor die Forum se bates, dit te belê, herbelê, te verhuur of te vervreem insluitende bates van onroerende, roerende, ligaamlike of nie ligaamlike aard, kontant en ander, en om sulke bates aan te wend as sekuriteit.
6. Om personeel in diens te neem en te ontslaan en om diensvoorwaardes vir sulke personeel vas te stel .
7. Om die dag tot dag besigheid van die Forum te bedryf.
8. Om verpligtinge aan te gaan, dit af te los en skuld deur behoorlike regsproses te verhaal.
9. Om enige ander taak te verrig wat in belang van die Forum of enige van sy lede mag wees met inagname van die doelstellings van die Forum.
10. Om Ouditeure vir die Forum aan te stel en hulle vergoeding vas te stel.
11. Om in hul diskressie die voorafgaande bevoegdhede en pligte te delegeer.
12. Om die proses vir die vasstel van die buitengewone prestassie of dienste toekenning wat aan lede of geaffilieërde besigheidsorganisasies toegeken word te bepaal, en om met sulke organisasies oorleg te pleeg.
13. Om onroerende sowel as roerende eiendom te koop, te huur of andersins te verkry vir die huisvesting van die Forum se kantore en wat vir enige ander doel vir die Forum nodig mag wees en om sodanige eiendom of deel daarvan oor te dra, te verkoop, te verhuur, te verpand of daarmee weg te doen op so ‘n wyse soos deur die Bestuur besluit word.
14. Om voorsiening te maak vir die aankoop van alle nodige uitrusting, skryfmateriaal, ens. vir kantoordoeleindes.
15. Om die vergaderingsprosedure van die Bestuur te reel.
16. Om van tyd tot tyd een of meer subkomitees aan te stel, bestaande uit lede van die Forum en aan die lede van die Forum en aan die komitees sodanige bevoegdheid te delegeer as wat wenslik geag word. Al hierdie subkomitees sal aan die Bestuur verslag doen wat dit aan die Forum sal oordra indien dit wenslik geag word.
17. Om die toelating van lede tot die Forum te reel.

18. Om die lidmaatskap van enige Lid te beëindig, indien dit werlik wenslik geag word, met inagneming van die verdere bepalings vervat in paragraaf 6.
19. Om bankrekenings te open, skulbewyse, wissels en verhandelbare dokumente te teken, te aksepteer, te endosseer en te verdiskonteer. Om lenings by finansiële instellings aan te gaan en te verseker na goeddunke.
20. Om die algemene doelstellings van die Forum te bevorder.
21. Om minstens agt keer per jaar te vergader. Indien omstandighede dit vereis, sal die voorsitter of ondervoorsitter , indien eersgenoemde afwesig is, spesiale Bestuursvergaderings mag reël.

10. BYKOMENDE REGTE VAN LEDE

Alle lede sal die volgende basiese regte hê:

10.1 Om algemene vergaderings by te woon, daar te praat en te stem.
10.2 Om genoegsame kennis van alle algemene vergaderings van lede van die Forum te ontvang.
10.3 Om notules of enige ander dokument wat besluite weerspieël van algemene of bestuursvergaderings te inspekteer.
10.4 Om finansiële state en rekords van die Forum te inspekteer en afskrifte daarvan te maak.
10.5 Om toegang tot ‘n afskrif van hierdie grondwet te verkry.
10.6 Om die lederegisters te inspekteer.

11. VERGADERINGSPROSEDURE

11.1 Tensy anders hierin bepaal of andersins deur die betrokke vergadering bepaal, sal alle vergaderings (insluitend Algemene Jaarvergaderings en Bestuur vergaderings), standaard vergadering prosedure volg.
11.2 Alle mosies sal voorgestel en gesekondeer word.
11.3 Stemming sal deur die opsteek van hande plaasvind tensy die meerderheid van die lede teenwoordig bepaal dat dit per stembrief geskied. ‘n Gewone meerderheid van stemgeregtigde lede waarby elke lid een stem het, sal besluite bepaal.
11.4 In geval van ‘n staking van stemme sal die Voorsitter ‘n beslissende stem hê.

12. AANSPREEKLIKHEID

12.1 Die aanpreeklikheid van die lede sal beperk wees tot hulle onbetaalde jaargelde.
12.2 ‘n Lid sal ook te alle tye vir uitstaande gelde teenoor die Forum aanspreeklik wees.

13. WYSIGING VAN GRONDWET

13.1 Wysiging aan die Grondwet van die Forum moet deur ‘n meerderheids-besluit van twee-derdes op ‘n Algemene Jaarlikse vergadering of op ‘n Spesiale Algemene vergadering aangebring word. Sodanige wysigings moet veertien dae voor die vergadering aan alle lede van die Forum gestuur word.

13.2 Die kworum wat vereis word om wysigings aan die Grondwet aan te bring, sal bestaan uit twintig present van die opbetaalde lede van die Forum.

14. ALGEMENE JAARVERGADERING

14.1 ‘n Algemene Jaarvergadering sal binne ses maande na die einde van die Forum se finansiële jaar gehou word en sal op so ‘n plek en tyd as wat die Voorsitter (indien die Voorsitte nie beskikbaar is nie, die Onder Voorsitter en by gebrek aan ‘n onder Voorsitter, die Sekretaris) voorskryf, gehou word.

14.2 ‘n Spesiale Algemene Vergadering kan te enige tyd deur die Bestuurskomitee op skriftelike versoek van ten minste twintig lede wat die doel van hulle versoek spesifiseer, belê word.

14.3 Tydens die Algemene Jaarvergadering sal die Bestuur die jaarverslag en finansiële state vir die voorafgaande finansiële jaar aan die vergadering voorlê.

14.4 Twintig present van al die opbetaalde lede wat geregtig is om te stem, sal tydens ‘n Algemene Vergadering ‘n kworum uitmaak en vyf bestuurslede van elke Bestuursvergadering.

14.5 Ingeval ‘n kworum ontbreek sal so ‘n vergadering vir 30 minute verdaag word waarna dit byeen sal kom om die sakelys te oorweeg terwyl die lede dan teenwoordig ‘n kworum geag sal word.

15. ONTBINDING

Die Forum mag ontbind word op sulke voorwaardes as waarop ‘n Algemene Vergadering mag besluit wanneer so ‘n besluit geneem word deur ‘n twee-derde meerderheid van lede wat by so ‘n vergadering teenwoordig is op voorwaarde dat daardie vergadering spesiaal vir daardie doel byeengeroep is en

daar minstens 21 dae kennis van so ‘n voorneme en die redes daarvoor gegee is.